

Die verhaal van die Simmentaler- embleem



Peter Massmann

Die storie agter die storie

'n Wêreldliggaam vir die ras word in 1974 in die voormalige kommunistiese Joegoslawië gestig. Die SA/Namibië-afvaardiging word weens politieke redes nie toegelaat nie, maar wil graag stigterslande wees. Op daardie stadium was ek in Duitsland in beheer van openbare betrekkinge met sogenaamde "Simmentaler-vleisraslande" en het kontak met ondermeer Suider-Afrikaanse pioniertelers gehad. Willie Angus, die destydse Voorsitter, bel my toe in Duitsland en versoek dat ek hulle moet verteenwoordig om by die beoogde wêreldliggaam aan te sluit en ek moet sommer ook aansoek doen om die eerste wêreldkongres aan te bied.

Klink maklik, maar ek is ook 'n onwelkome Suid-Afrikaner wat as medeskrywer van die konsepgrondwet van die wêreldfederasie spesiale toestemming kry om die land saam met die Duitse afvaardiging te betree. In die saal hang groot vlae van al die deelnemende lande, behalwe Suid-Afrika (Namibië het sy eie vlag eers in



Alhoewel die telersgenootskap ná my aftrede besluit om die eerste amptelike ras-embleem te vervang, het die Prosim-studiegroep vanweë geskiedkundige redes voortgegaan om die ou embleem te gebruik. Andre Ellis, mede-stigterslid van dié groep, het my versoek om die ontstaan van die embleem op rekord te plaas.

(Peter Massmann, Augustus 2017)

1990 gekry). Ek is die enigste "verteenwoordiger" sonder 'n land-naambord. Vanweë die destydse apartheidsbeleid, moes ek 'n lae profiel handhaaf en

noem dus net die landsname om aan te sluit sonder om, soos al die ander landsvertegenwoordigers, 'n kort oorsig oor die ras te lewer.

Die werwing vir die eerste kongres was moeiliker omdat ek nie, soos dit hoort, 'n pleidooi oor die wonderlike land en ras wou lewer nie. Dit kon teenstand van die teenwoordige kommunistiese lande veroorsaak. Ek het egter 'n skriftelike motivering aan my Duitse vriend en Voorsitter van die stigtersvergadering gegee en hy het dit kortliks opgesom. Ek sal nooit vergeet hoe hy bygevoeg het "dit klink goed en ons kan gerus die eerste kongres toeken aan die eerste 'buite-Europese' Simmentaler-Fleckvieh-land". My skuif om die Voorsitter te betrek was ietwat "onder die belt", maar was suksesvol en sonder 'n amptelike voorstel deur die aansoeker is die kongres eenparig toegeken. Die inkomende raad van die wêreldliggaam sou die besonderhede by 'n volgende vergadering bespreek.


'n Embleem vir die kongres

Reëlins vir die eerste kongres in 1976 in Pretoria het ook 'n kongresembleem behels. Die destydse sekretariaat (die Genootskap het nog nie 'n kantoor gehad nie) het 'n embleem gehad met die Duitse Fleckvieh-koei Gräfen se kop (wat gereeld op ons Duitse persverklarings gebruik is) en die kop van 'n ouer bul waarvan ek nie die oorsprong ken nie. Omdat die embleem grafies nie op peil was nie en met 'n onvolledige wêreldkaart bel Willie my weer en vra of ek die probleem in Duitsland kan oplos.

Gelukkig het ek 'n professionele ontwerpervriend in München (Erich) wat graag die embleem vir 'n wêreldkongres sal ontwerp (goed vir sy CV). Ek versoek dat hy 'n wêreldkaart insluit tesame met 'n moeder-seun-foto omdat ek met die seleksie van stoetbulle by ons buitelandse kopers altyd aanbeveel dat die bul 'n goeie ma/moederlyn moet hê. Met toestemming van die Bayerische Fotothek voorsien ek koei Gräfen en seun Graf se foto's aan Erich. Ons gebruik dieselfde slagspreuk as die bestaande SA embleem, naamlik "Voed die wêreld - Feed the world" ⁽¹⁾. Erich hou nie van die "geplakte", plat voorkoms van die bestaande embleem nie. Hy skep 'n 3D-voorkoms (sonder Photoshop- of Corel Draw-programme) deur die koei se mooi breë neusspieël oor die omsirkeling te plaas, die koei en bul agtermekaar in plaas van langs mekaar te plaas, Simmentaler in 'n "ronde skrifvorm" te skryf en 'n driedimensionele in plaas van plat wêreld te gebruik. Die Raad hou van die embleem en dit word vir die eerste Simmentaler-kongres in die wêreld gebruik. Daarna besluit hulle dat dit die amptelike embleem van die Genootskap sou word.

Gräfen en seun Graf se foto's

Hierdie is sonder twyfel wêreldwyd die mees gebruikte Simmentaler kop-foto's. Die Duitsers, Suid-Amerikaanse genootskappe, Australië en Suider-Afrika gebruik die koei of bul op plakkers, dasse en ander promosiemateriaal, maar die gesamentlike moeder-seun-kombinasie is net op ons nuwe embleem gebruik. Hier 'n paar historiese foto's rondom die embleem. 



Moeder en seun is die eerste keer in 1951 in volbladformaat in dr. L. Dürwächter se bekende boek "Züchtungsfibel" (teling-boekie) gepubliseer met hom as fotograaf. In dié boek, wat 15 keer herdruk is, word die basiese beginsels van veeteelt (beeste, skape, perde, pluimvee) op 'n briljante manier uiteengesit. Hy word as die bekendste Fleckvieh-kenner van die vorige eeu beskou. (Byskrif onder foto.... Melk (Moeder) en Adel (Seun)).

Bron: Dr. L. Dürwächter

⁽¹⁾ = Wenner van 'n slagspreukwedstriede wat die sekretariaat in Bloemfontein in 1974 gehou het en wat die uitstaande dubbeldoel-eienskappe, naamlik melk en vleis, van die ras in baie lande van die wêreld weerspieël.




Gräfin by die bekende teler Strohmaier, suid van München. Die 1955 kudde-gemiddeld vir 25 koeie: 4 718 kg melk, 200 kg vet (4.2%), destyds uitstaande. In 'n publikasie oor sy stoet skryf mnr. Strohmaier "Om die bloedaandeel van die bekende bul Tarock te vergroot het ek hom op ons elite-koei Gräfin gebruik en die seun Graf in my kudde gebruik."

Bron: Dr. A. Gottschalk




Wat sit agter die mooi kop van Graf? Hier ouer as sy beroemde "kop-foto". Gemeet teen destydse standaarde 'n baie mooi bul, net jammer dat die leier "sy kop in die druk". Graf is van die min bulle wat destyds vir KI gekies is (1954).

(Bron: Dr A Gottschalk)



Gräfin is in 1969 gekies vir die eerste SA Simmentaler Nuusbrief/Joernaal met 'n kleur voorblad.

(Bron: Joernaal)



Die eerste embleem van die Genootskap op die voorblad van 'n "baie dun" 1974 Joernaal met Gräfin en 'n (vir my) onbekende bul. Die slagspreuk was die winner van 'n kompetisie in dié jaar.

(Bron: Joernaal)



Graf op die Duitse Genootskap se promosionele lisensieplakker (in ses tale) wat ons in die sewentigerjare vir die buitelandse mark gebruik het.

(Bron: Skrywer)



In die 50's en 60's het die Duitsers 'n paviljoen/ stalletjie op die Randse (later Pretoria) skou gehad, waar kliënte onthaal is. Hierdie lisensieplakker met Graf en eie-keuse leuse het ek destyds spesiaal vir ons Suider-Afrikaanse kliënte gemaak.

(Bron: Skrywer)



Die Raad wat die nuwe embleem as amptelik verklaar het, die eerste eie kantoor met my as bestuurder tot stand gebring het en ook ten tye van die eerste wêreldkongres in beheer was: Agter Hannes Joubert (S.Afr), Callie Norval (S.Afr), Uli Kaiser (Suidwes-Afrika) en Gerd Olschewski (S.Afr.); Middel Reini Rusch (SWA), Mik Lamb (Rhodesië), Fritz Hein (SWA) en M Seyfferdt (SA Stamboek-vertegenwoordiger); Voor Peter Massmann (Rasdirekteur), Willie Angus (S.Afr. - President), BP Johnstone (S.Afr - Visepresident) en Ben Wilkens (S.Afr). Afwesig gekoöpteerde lede Sieg Gehle, Rehuel Borstlap en Theo Kruger (Departement Landbou).

(Bron: Landbouweekblad)



A: Die embleem met Gräfin en seun Graf wat vriend Erich 1976 destyds in München vir die eerste wêreldkongres in Pretoria ontwerp het. Dit is die eerste keer op die voorblad van 'n spesiale 1976 Wêreldkongres Joernaal gebruik. Die buitelandse kongresbywoners het 'n eg-Rhodesiese koperasbak met die nuwe embleem in swart gegraveer ontvang.



B: Die ongepigmenteerde oë het gepla en hier die eerste keer met geverfde pigment (sonder rekenaarprogram) in die 1987 Joernaal. Duur, kleurjoernale is eers later gepubliseer – ons moes eers finansiële stabiel word.



C: Die finale produk met Photoshop-programmatuur reggemaak. Dit is onder andere gebruik op emalje-gebakte plaasnaamborde, groot bakkiedeur-plakkers, lisensiehouer-plakkers en dasse.